Lourensrivier-Strand

# Nuuskrummels



## Erfenisdag

# 24 September vier ons in Suid-afrika Jaarliks Erfenisdag of soos almal dit ook ken - Braaidag Maar wat sê die Bybel vir ons? Het jy geweet dat jy Dié GROOTSTE Erflating gegee is, jy moet net opstaan en met jou hart en siel dit ontvang!




## Die Vader verkies ons vir die erfenis

Die erfenis waaroor ons in Efesiërs 1 sing, is 'n erfenis wat geld en eiendom en enigiets anders by verre oortref in waarde. Dit is 'n geestelike en hemelse erfenis (vers 3 ) Ons moet egter dink aan wie is die ons wat hierdie erfenis kry. Later in die Efesiërsbrief hoor ons, ons is mense wat eens dood was (2:1 ) mense wat sonder God en sonder hoop in die wêreld was (2:12 ) Wie is ons om so 'n heerlike erfenis te ontvang?

Die antwoord lê in God se genade. Die Vader het ons vir hierdie erfenis uitgekies (vers 4 ) Nog voordat die wêreld geskep was, het Hy dit besluit, en wat God besluit, kan geen mens omkeer nie (Psalm 33:11 )

Hieruit besef ons dat ons in Efesiërs 1 nie net sing van óns erfenis nie. Ons sing ook van Gód se erfenis wat Hy vir Homself uitverkies het. God se kinders is sy erfenis (Deuteronomium 32:9, Psalm 33:12 ) Hy wil deur ons as Vader geken word, en Hy wil deur ons as sy kinders verheerlik word. God self het uit sy genade alleen uitgekies wie deel sal wees van hierdie erfenis. Wie daarvan deel is, sing dan inderdaad: dit is "tot lof van die heerlikheid van sy genade" (vers 6 )

## Die Seun verkry vir ons die erfenis

God kies ons nie net vir die erfenis uit nie, Hy verkry ook die erfenis vir ons. Dit is wat Jesus Christus vir ons gedoen het, ons het "in Hom 'n erfdeel ontvang" (vers 11 ) Hierdie erfdeel is niks anders as God self nie. "Die HERE is die deel van my erfenis", "ja, my erfenis is mooi" – so sing ons hieroor in Psalm 16:5-6 (vergelyk Numeri 18:20 )

Uit ons eie is ons nie waardig om hierdie erfenis te ontvang nie. Uit ons eie is ons nie eers God se kinders nie (Efesiërs 2:2 ) Christus is wel waardig van hierdie erfenis, want Hy is God se eniggebore Seun.

Hierin sien ons die onmeetbare rykdom van God se genade. Christus, wat waardig was om hierdie erfdeel te besit, het Homself oorgegee tot aan die kruis. Hy het ons sondes op Hom geneem en dit gedra. Hy is in ons plek daarvoor gestraf. Die prys wat op ons rekening was, het Hy vereffen.

Nou is ons in Hom ook seuns en dogters van God. In Hom hoort ons in God se huis (Efesiërs 2:19 ) In Hom is ons mense wat ook nou 'n erfdeel ontvang, 'n heerlike erfdeel: God is ons God, en ons sy kinders. Dit alles het Hy gedoen "sodat ons kan wees tot lof van sy heerlikheid" (vers 12 )

## Die Heilige Gees verseker ons van die erfenis

Asof dit alles nog nie oorvloedig genoeg genade is nie, gaan die loflied oor God se seëninge nog verder. God verseker ons persoonlik dat ons hierdie erfenis deur sy Seun ontvang het. Hy "verseël ons met die Heilige Gees van die belofte" (vers 13 ) 'n Seël is 'n merk wat getuig dat 'n besitting werklik jou eiendom is. God seël ons met Homself, met die Heilige Gees. Hy getuig in ons van die sekerheid wat ons in Christus het. Hy werk ook in ons dat ons sal leef as kinders wat deel het aan God se erfdeel.

Nie net "verseël" God ons deur sy Gees nie. Hy het die Heilige Gees ook vir ons as 'n onderpand / waarborg gegee (v. 14 ) Letterlik beteken dit Hy is vir ons gegee as 'n deposito – die eerste som geld wat neergesit word om te verseker dat die res kom. Hy verseker ons dat ons alles sal ontvang wat God belowe het. Hierdie erfdeel, wat ons nou al besit, sal ons ook eendag in volkomenheid besit!

Erkenning: Kruispad.net

# Voorbidding



**Voorbidding vir Ds. Derick vir die Sondagboodskap**
**Voorbidding:**

- Dirk Verdoes
- Helena Kritzinger
- Deon Dixon
- Marie Roux
- Danie Volschenk
- Christine Steenberg
- Anonieme dogter (Leukemia)
- Doempie Steyn
- Nadia Kleynhans
- Annalise Beukes
- Rika Evert
- Dina Lombard
- Ashley Petzer
- Ds. Frikkie van Niekerk
- Adel Burger
- Michael Raley
- Christof Cloete

- Ons hart gaan uit na alle ander siekes en anonieme gebedsversoeke.

- Spesiale voorbidding vir Huis Jan Swart se inwoners en personeel.

- Bid asseblief vir die haweloses.



## Ons Dagboek

| | |
|---|---|
| 24 September | Erfenisdag |
| 25 September | Snuffelmark |
| 28 September | Nagmaal |
| 24 Okt - 8 Nov | Feesmark |
| 16 November | Belydenisaflegging |
| 23 November | Nagmaal |
| 7 Desember | Kerssangdiens |

NGK Lourensrivier - Strand

# FeesMark

## 24 Oktober - 8 November '25

**Nog net 36 dae oor!**

Dan hou ons weer ons jaarlikse FeesMark.
Gaan na die Gemeente se FB-blad en deel asb. die advertensie en inligting met al julle vriende. Hoe meer mense dit deel, hoe verder strek ons advertensie-reikwydte.

Ons vra ook elkeen van julle om asb. betrokke te raak met diensbeurte tydens die Mark, al is dit net vir 'n uur, praat met ons.
Vir die wat nie lank kan staan nie, ons sal selfs 'n stoel vir julle neersit tydens jou beurt.

Skakel asb vir Bernice by die kantoor as jy kan help.

**Maandag - Vrydag: 09:00 - 19:00**
**Saterdag: 09:00 - 16:00**

PAY

**Ons is nou Kontantloos**
**Slegs Kaartbetalings word aanvaar**

17 September 2025

Dear Snuffelmark

Spring into September with your team

We would like to take this opportunity to thank you for your generous donation of R3,000.00 received on 29 August 2025. Your support is making a significant impact in nurturing young minds and fostering a lifelong love of learning.

Spring is here - a season of growth, renewal, and fresh possibilities. At Cotlands, this spirit of renewal reminds us of the urgent need to give more vulnerable, young children the opportunity to learn and thrive through play.

Thank you once again for your support.

Warmest regards,


Nozizwe Dladla-Qwabe

Acting Chief Executive Officer

Cotlands

Igniting potential through play

## Help vir Jannie om sy Bybel te kry



# Snuffel MARK






**As jy kaste reg pak, huis op pak, items wil weg gee....skenk dit asseblief vir die kerk se Snuffelmark.**

**Die items word sorteer en die laaste Woensdag van elke maand, teen kosprys verkoop. Kom gee dit gerus af by die Kerkkantoor tydens kantoorure.**

**Skenkings is welkom: klere, meubels, skoene, gordyne, komberse, kussings, kinderspeelgoed, kombuisware, bekers, koppies, pierings, skildery, en vele meer**

**Volgende Snuffelmark:**
**Donderdag 25 September @ 11:30**

## Beste Bybelvennoot

Hierdie September, tydens Dowebewustheidsmaand, het die Bybelgenootskap Die Woord binne die Stilte fondsinsamelingsveldtog geloods – 'n projek wat help om die Engelse Bybel vir Dowes gratis aan Dowes te voorsien deur skole en organisasies wat die dowe gemeenskap dien.

Baie dowe gelowiges sukkel om bestaande Bybelvertalings te volg. Stel jou voor jy probeer om die Woord van God te lees in 'n taal waarin jy nie natuurlik kommunikeer nie – dit kan verwarrend en ontmoedigend voel. Daarom het die Bybelgenootskap The Bible for the Deaf gepubliseer: 'n vertaling wat met duidelikheid en akkuraatheid geskryf is, sodat dowe lesers ten volle met die Bybel kan omgaan.

Hierdie inisiatief deur die Bybelgenootskap gaan oor veel meer as die skenking van 400 Bybels. Dit gaan daaroor om struikelblokke uit die weg te ruim en te verseker dat niemand uitgesluit word van 'n geleentheid om God se Woord te beleef nie.

Ons kan dit egter nie alleen doen nie. Kan ons op jou staatmaak tydens hierdie Dowebewustheidsmaand om die Bybel vir almal toeganglik te maak?

***Elke R250 wat ontvang word, help ons om 'n Bybel aan die dowes te skenk.***
***Donasies kan by die Kerkkantoor inbetaal word***

www.biblesociety.co.za
bible society of south africa

*Verhuis julle na 'n ander dorp?*

*Ons wil graag as Gemeente kan totsiens sê aan julle.*
*Skakel die Kerkkantoor en laat ons asb. weet.*





# Aanbidding en Barmhartigheidsbediening

**Meer inligting sal volg oor die projekte. Kontak my gerus vir enige donasies en hoe jy betrokke kan raak. Lemari Fourie: 082 692 9086**


## Projekte vir 2026

| | |
|---|---|
| **Terug-Skool-Toe:** | Skenk van skryfbehoeftes aan skoliere |
| **Splis-Splash:** *I was taking a bath* | Skenk van toiletware aan behoeftige gesinne |
| **Kersfees-in-November:** | Kospakkies word ingesamel vir gesinne oor die Desember/Januarie tydperk |
| **Winterwarm-in-Julie:** | Musse, serpe & komberse ingesamel vir bejaardes |
| **Operasie 60/60:** | Kos items deurlopend deur die jaar ingesamel om gesinne te help |




Aanbidding gaan oor 'n persoonlike verhouding en 'n passievolle uitdrukking van toewyding van mense **wat God met hul hele hart lief het.**

God wil nie aanbid word deur vrees, verpligting of godsdiens nie. Ware aanbidding is 'n resultaat van intimiteit met God. **Aanbid God vandag met jou hele hart en wees 'n aanbidder in Gees en in waarheid!**



# Lifeline Jeug

**Markus 1:1 DIE begin van die evangelie van Jesus Christus, die Seun van God.**
**Jesus was nie net 'n profeet nie, of 'n goeie leraar nie,**
**Hy was (en is nog altyd) ons Here.**

**Hoërskool leerders:**

Sondae 17:30 - 19:00 by die kerk, of soos gereël met Attie. Ons gaan weer lekker "Social, Praise & Worship" en dan in ons klasse inbeweeg.

**Belydenisklas:**

Ons kom Sondae om 17:30 by die kerk bymekaar. Graad 11's en ouer, wat nog voorgestel moet word is baie welkom om by ons aan te sluit.

"Here, wees U by my, langs my oor hierdie brug, Want sonder U, Here, wil ek omdraai en vlug! Here, help my om gister suksesvol af te sluit; Help my om myself vir more te slyp Help my fokus, Heer, help my lees. Vir elke vraestel; elke eksamendag."

Vir meer inligting skakel gerus vir Attie – 079 442 2230



# Dinamiet Kiedz en Beloftelanders

**Voorskool & Laerskool, elke Sondag 09:00 tot 10:30 tydens skoolkwartale.**
**Navrae: Karin 083 643 0653**
**Ons kom eers almal in die kerk bymekaar en sal dan verdaag word na die saal.**

## 3de Kwartaal

**Ons hoop julle het elkeen heerlik uitgerus gedrurende die vakansie? Ons het 'n propvol program vir die 3de kwartaal uitgewerk en is baie opgewonde om dit saam met julle te deel**

## Program

21 Sept - Les 21
28 Sept - Les 23 / Nagmaal met ouers



## Beloftelanders (voorskool)

Tydens die kerkdiens: (09h00 - 10h30). Alle kinders tussen 3-6 jaar is welkom
Ons verkondig die Evangelie d.m.v. Odos, CEF en Kidz Express se materiaal.
Al ons lessies word prakties gedoen, ons speel lekker en vier ook ons verjaarsdae saam;
Ons nooi alle mammas en pappas om ons klasleier een Sondag per kwartaal te kom help met die aanbied van die Sondagklassies.
Vir navrae kontak: Karin Kuys @ 083 643 0653

## Dinamiet Kiedz (gr 1-6)

Ons bring graag die Evangelie aan die kinders, help hulle om geestelik te groei en moedig hulle aan om die Goeie Nuus met ander te deel deur persoonlike getuienis & dienslewering tydens uitreike na ouetehuise, skole, ens.
Dan is daar natuurlik Gemeente Pieknieks, Kampe, Ken-mekaar braaie met die ouers en nog baie heerlike projekte.
Vir navrae kontak: Karin Kuys @ 083 643 0653

## Tienerkerk (gr7)

Lesse wat kinders help om getuies te wees tot in die uithoeke van die wêreld. Die kinders gaan op 'n leersame en opwindende reis om meer oor dissipelskap te leer.
Ons kom elke Sondag vanaf 09:00 tot 10:30 in "Die Gat" (vertrek onder verhoog) bymekaar.
Vir meer inligting, skakel gerus vir Liesbet @ 073 630 0268

# Dinge om te doen

## Ondersteun asb!

# TE KOOP

NOU GAAN ONS BRAAI

**ACVV Huis Jan Swart**
**021 854-3763**

**MAAK JOU EIE BRAAIPAK OP:**

Varktjop @ R50-00
Lamstjop @ R50 ("lamb leg chop")
Hoendersosatie @ R20
Lekker braaiwors @ R15

Tuisgebakte brood @ R20
Fynbos heuning @ R40 vir 250gr

***Bestellings moet teen WOENSDAG 17/9 & DINSDAG 23/9/25 geplaas word vir afhaal op VRYDAG 19/9/25 en 26/9/25.***



*"Ds. Christo Heiberg doen op Saterdag 20 September 'n voorlegging wat fokus op die Geestelike toerusting van Gelowiges om die Evangelie uit te dra en te verdedig te midde van die groei van Islam (Ef. 6:14–17).*
*Ds Heiberg is 'n leraar van die Presbyterian Church in America, Kanada wat gereeld Afrika besoek om kerkleiers toe te rus. Hy is ook die outeur van Fatal Invitation, 'n boek oor Islam se opkoms en strategie.*
*"Alle belangstellendes is welkom om die voorlegging by te woon by:*



Strand NG Kerk, Faganstraat
Saterdag 20 September '25
10:00 – 12:00 vm
Navrae: Philip Coetzee – 072 115 1508

## Die BERG- EN SEEKLUB VIR SENIORS

kom op Donderdag 2 Oktober 2025
om 09:50 by die NG Moederkerk in
Andries Pretoriusstraat in Somerset-Wes bymekaar.

Me Melissa Davida, Marine-bioloog sal by hierdie geleentheid
met ons gesels oor die impak van klein seediertjies op die seelewe.
Emma Salt, Altviolis, sal ook by die geleentheid optree.
Kom geniet gerus 'n lekker koppie tee of koffie, verversings en
goeie geselskap vanaf 09h:15. Almal welkom.
Bywoningsgelde vir lede: R20 | Besoekers: R30



Vir meer inligting skakel vir:
Naas du Preez
082 804 1729 | e-pos: ndupreez022@telkomsa.net



# Broodsakkieknippies vir Rolstoele

**Wil jy ook help om 'n verskil te maak?
Begin vandag deur jou broodsakkieknippies
bymekaar te maak en dit by die Kerkkantoor af te gee.
Met hierdie eenvoudige bydrae help jy om Hoop en
Waardigheid te bring aan iemand wat dit baie nodig het.**

## Onthou! Elke knippie tel!

Die is 'n deurlopende projek



DIE HERVORMDE KERK
STRAND HOU 'N

# Lentefees!

| 27 | 09 | 25 |
|---|---|---|
| SATERDAG | SEPTEMBER | VANJAAR |

**BY DIE NG KERK - LOURENSRIVIER**
**55 Jenning Straat, Strand**

## 09:00 TOT 14:00

Iets vir elke smaak!
Koek • Poedings • Pannekoek • Koffie & Tee
Wit Olifant • Plante • Plaaskombuis
Kuns • Tombola • Gesigverf
... en nog meer!

SCAN
EN STAAN 'N KANS OM TE
WEN!

lentefees.co.za

# LENTE IS IN DIE LUG!

## RAAK BETROKKE BY 'N SKOONMAAKPROJEK IN JOU GEMEENSKAP OF BEGIN SELF SO 'N PROJEK

ONTHOU!
OM 'N VERSKIL TE MAAK, BEGIN BY JOU!




MMC
2025
WESTERN CAPE
26-28
SEPTEMBER
ROBERTSON/ASHTON
REVIVE
MIGHTY MEN WESTERN CAPE
Standard Bank: 082 3588 34
NPC 2024 / 070435 / 08
+27 71 194 8596
www.mightymenwc.co.za


MMC
2025
WESTERN CAPE
ROBERTSON / ASHTON
26-28 SEPT
EMPOWERING MEN TO EMBRACE THEIR ROLES AS
PRIEST, PROPHET, & KING IN THEIR HOMES AND LIVES.
TICKETS R150 AT WWW.MIGHTYMENWC.CO.ZA
REPENT
RESTORE
REDEEM
REVIVE
JOHN 3:16

Jy kan ook jou **Dankoffer en Bydrae**s vir die gemeente deur die ZAPPER selfoon toepassing gee.

**Bank inligting:**

Lourensrivier Gemeente ABSA (Strand)
Takkode: 334-312
Reknr.: 420 580 231
Verwysing: naam en van
e-pos aan: fin@lourensrivier.co.za

zapper™
pay with
MasterCard
VISA
and many more
www.zapper.com
scan to pay this bill

Kontak die kerkkantoor om in te skakel, of vir meer inligting: 021 853 5991

**RAPHA VROUE**
Elke tweede Maandag.

**SENIOR MANNE**
Woensdae 08:30 voor in kerk

**VROUEGROEP**
Woensdae 09:00 in die gebedskamer

**MANNEGROEP**
Vrydae 05:30 in die Konsistorie

**Kontak ons gerus : 021 853 5991**
Predikant: Ds. Derick Boonzaaier
derick@lourensrivier.co.za

**Admin kantoor-ure**
Maandag: 09:00 - 14:00
Dinsdag - Donderdag: 08:00 -14:00
Vrydag: 08:00 -13:00
Skriba: admin@lourensrivier.co.za

**Finansies kantoor-ure**
Maandag: 09:00 -12:30
Dinsdag - Vrydag: 08:00 -12:30
Finansies: fin@lourensrivier.co.za

**BESOEKERS / NUWE LIDMATE**
In die voorportaal is 'n boekie waarin jy jou besonderhede kan aanteken.

As jy 'n **GEBEDSVERSOEK, of 'n HUISSBESOEK VERLANG**, vul dit ook in die boekie in.
Of stuur jou navraag/versoek na admin@lourensrivier.co.za
Kontak Ds. Derick direk vir enig besoeke of afsprake 082 333 6012

Stoor (save) asb. die nommer op jou selfoon - anders kan jy dalk nie die boodskappe kry nie

***Lourensrivier-WhatsApp Groep***

Stuur 'n WhatsApp met jou naam na
Ds. Derick: 082 333 6012 of
Lémari: 082 692 9086
as jy op die kerk se WhatsApp groep wil wees.

Lourensrivier-Strand

# ONDERSTEUN asb. PLAASLIK voordat daar niks meer PLAASLIK is om te ondersteun nie.

SHOP LOCAL


MSA
MARIUS STENEKAMP
ATTORNEYS
Unit 2, Little Greece
George Str, Strand
P.O. Box 1170, Strand, 7139
Tel: 021 837 1235/6
Fax: 086 274 2003
Cell: 084 448 4429
marius@stenekamp.co.za
www.stenekamp.co.za

CAM LIVE VISION
FOR ALL YOUR MONITORING AND SECURITY NEEDS
Cam Live Vistion Pty Ltd
Reg.no. 2010/003490/07 | PSIRA no. 2185751
info@camlivevision.co.za
021 851 6023
www.camlivevision.co.za
Jeremiah 29:11 & Esther 4:14

Secure SE
FIRM. FIXED. SAFE
Secure SE Pty Ltd
Reg.no. 2019/270620/07 | PSIRA no. 4606196
stephan@securese.co.za
084 499 5858
www.securese.co.za
Jeremiah 29:11 & Esther 4:14

Volantra Orbital
The power to protect
Volantra Orbital Pty Ltd
Reg.no. 2014/183888/07 | PSIRA no. 2707006
info@volantra.co.za
021 851 6023
www.volantraorbital.co.za
Jeremiah 29:11 & Esther 4:14

Flaméros®
CHICKEN GRILL
187 Main Road, Strand
021 854 7774

FTH ACCOUNTANTS
The name you can ACCOUNT on
Floris Ter Haar
Professional Accountant (SA)
SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF PROFESSIONAL ACCOUNTANTS
Tel: 021 853 4266
Cell: 082 741 7076
Fax: 088 021 854 5741
E-mail: floris@fthacc.co.za
20 Conradie Street
Strand, 7140
Skype: fterhaar

Het jy hulp nodig om finansiële sekerheid te kry?
Sanlam
Willie Fourie
Senior Finansiële Beplanner
021 853 2179
082 468 1099
admin@arcani.co.za
Ek kan hiermee help:
• Finansiële beplanning
• Lewensdekking
• Ongeskiktheidsdekking
• Spaar en beleggings
• Aftreebeplanning
• Spaar vir opvoeding

HBP
HELDERBERG BUILD & PAINT
STUART JACKSON
082 872 6830
info@hbpconstruction.co.za
www.hbpconstruction.co.za

BeMyDollie
Popklere Doll Clothes
100% Homemade with Love
079 526 5342
@bmdollies